# Inhoud

## Kwartaal 1: Week 1 tot 5

**Storie 1:**
Trevor verjaar! ........................ 2




**Storie 2:**
My kat is angstig .................. 17



EXTRACT PAGES

# Trevor verjaar



EXTRACT PAGES

Elke oggend maak Mamma almal betyds wakker vir skool.
Trevor se boetie en sussies wil nog slaap en gaap lui.
Nie Trevor nie! Vandag is hy dadelik helder wakker.
Dit is ’n baie spesiale dag vir Trevor. Kan jy raai hoekom?
Dit gebeur net een keer in ’n jaar met jou.



EXTRACT PAGES

Mamma gee vir Trevor ’n stywe drukkie.
“Baie geluk met jou verjaarsdag, my kind!”
Trevor glimlag breed.
“Dankie, Mamma,” sê hy. Hy is so opgewonde om sy geskenk te sien.




♪ "Veels geluk, liewe Trevor, omdat jy verjaar." ♪
Sy boetie en sussies sing en klap vir hom hande.
Mamma gee vir Trevor sy geskenk.
"Ek hoop jy hou daarvan, my seun. Pas dit mooi op."
"Maak oop! Maak oop!" skree sy boetie en sussies opgewonde.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

“Dis nuwe skoene! Baie dankie, Mamma!
Ek sal baie mooi hierna kyk.”
Mamma glimlag: “Ek wens ek kon meer vir jou gee.”
“Mamma, dit is die perfekte geskenk. My ou skoene is stukkend geloop,” sê Trevor.
Trevor is baie in sy skik.
Hy trek dadelik die nuwe skoene aan.



EXTRACT PAGES

“Sjoe, Trevor, jou skoene blink mooi!” sê Manie toe Trevor by die skool aankom.
“Kyk net!” roep Jabu uit. “Jy laat ons ander vaal lyk!”
“Is dit nuwe skoene?” vra Li en Ameena.
“Ja, my ma het dit vir my gegee. Ek verjaar vandag,” antwoord Trevor trots.



“Dis lekker! Wanneer is jou partytjie?” vra Ameena opgewonde.
“Ag, jy weet mos. Dis net my ma wat werk, so sy het nie eintlik tyd of geld vir ’n partytjie nie. My pa is weg,” sê Trevor ongemaklik.
“Toemaar, Trevor. Dis niks. Ons is bly jy verjaar,” troos Li hom.
“Ja, Trevor, dit maak nie saak nie, my vriend,” sê Jabu.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

"Kom ons reël vir Trevor 'n klaspartytjie," sê Ameena.
"Dit is 'n goeie idee!" Manie en Jabu is dadelik opgewonde.
"Hoe gaan ons dit doen?" vra Li.
"Maklik. Ons werk saam as 'n span," antwoord Ameena.
"Ameena, sal jy vir juffrou Zinzi vra om ons te help?" vra Manie.

"Juffrou, Trevor verjaar vandag. Hy is tien," sê Ameena later saggies vir Juffrou.
"Ons wil graag môre vir hom 'n partytjie hou, maar dis 'n verrassing," sê Manie.
"Dis baie gaaf van julle. Hoe kan ek help?" vra juffrou Zinzi.
"Kan juffrou dalk môre die pouse so 'n bietjie rek?" vra Li.
"Ons sal verder alles reël," sê Jabu.

EXTRACT PAGES






EXTRACT PAGES

Die volgende oggend gee Trevor se maats skelmpies vir elke kind 'n uitnodiging.
Die klas giggel en fluister opgewonde agter hulle hande.
Trevor wonder wat aangaan.
Hy wonder of sy maats iets vir hom wegsteek.

Die pouseklok lui en al die kinders gryp hulle kosblikke.
"Trevor, kom gou hier," roep juffrou Zinzi vir Trevor na haar tafel toe.
Die res van die kinders stroom by die deur uit.
"Stap saam met my," sê Juffrou vir Trevor.
Trevor stap saam met juffrou Zinzi by die klas uit.
Buite staan al die kinders om 'n tafel onder die boom.

EXTRACT PAGES



Trevor kan nie glo wat hy sien nie.
Op die tafel is daar ’n wit koek met tien kersies op.
Die klas sing en dans vir hom en almal is plesierig.
“Veels geluk met jou tiende verjaarsdag, Trevor!” sê juffrou Zinzi.
“Dankie, Juffrou,” sê Trevor. Hy is so verras.




EXTRACT PAGES




EXTRACT PAGES

"Blaas, Trevor, blaas!" sê die seuns en klop hom op sy rug.
"Onthou om te wens, Trevor!" sê die meisies.
Trevor blaas al tien kersies met een asem uit.
Al die kinders klap hande. Hulle is baie bly dat hulle die geheim kon hou.

Het jy geweet om koek te eet op jou verjaarsdag is 'n ou tradisie?



EXTRACT PAGES

Juffrou sny vir elkeen ’n stuk koek.
Ameena en Li skink vir almal koeldrank.
“Die koek is baie lekker,” sê Jabu.
“My pa het dit gebak én versier,” antwoord Li trots.
“Baie dankie, almal!” sê Trevor. “Julle is die beste! Dit was my lekkerste verjaarsdag ooit.”



“Dit was nou ’n lekker dag,” sê Trevor.
“Ek het sommer twee stukke koek geëet.
Ek dink ou Manie het ’n hele liter groen koeldrank gedrink,” lag Jabu.
Trevor lag lekker. “En ek het sommer twéé keer verjaar!”
“Sien jou by die skool,” groet Jabu.

EXTRACT PAGES




“Mmm! Trevor, hierdie koek is heerlik,” sê Mamma.
Sy broer en susters eet net so lekker aan die koek.
“Jy het die beste vriende,” sê sy broer tussen die happe koek deur.
“Ja, dis waar! Maar ek het ook die beste gesin,” glimlag Trevor.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Wie het die koek versier?
2. Wat het Trevor se ma vir hom gegee?
3. Dink jy Trevor het goeie vriende? Hoekom of hoekom nie?